

H O O F S T U K 5.DIE KEUSE VAN DIE PROEFPERSONE.

In hoofstuk 2 is daar na die raskenmerke van die Suid-Afrikaanse Indiër verwys. Uit die bespreking het dit geblyk dat die Suid-Afrikaanse Indiër 'n eie kultuur, godsdiens en lewenswyse het en derhalwe as 'n afsonderlike deel van die Suid-Afrikaanse volk ontwikkel.

Alhoewel die Indiër as 'n afsonderlike ras beskou word, bestaan daar onderlinge verskille binne hierdie ras soos verskille in godsdiens, taal en herkoms.<sup>1)</sup>

Soos aangetoon het die kaste waaraan die Indiër in Indië behoort, bepaal watter rangorde hy op die sosio-ekonomiese leer sal inneem. So byvoorbeeld sal 'n lid van die Brahmane- of die Kshatriya-kaste, homself hoër ag as 'n lid van die Sudra-kaste, of 'n Harijan.

Daar is ook daarop gewys dat, alhoewel dit nagespoor is dat hierdie kastes in Suid-Afrika

/aanwesig .....

---

1) Departement van Inligting: Indian South Africans, pp. 29-37

aanwesig is, die stelsel nie in Suid-Afrika gehandhaaf word soos die geval in Indië is nie. Dit is egter 'n bekende feit dat, soos in die geval van alle volke, daar ook onder die Indiërs gegoedes en minder gegoedes voorkom.

Die verstedelike Indiër verskil van sy plattelandse rasgenoot. Laasgenoemde voer 'n meer tradisionele leefwyse terwyl die stedeling meer blootgestel is aan die invloede van die Westerse beskawing.

Anders as die geval met Blanke skole, verskaf Indiërskole geen koshuisgeriewe nie. Dit bring mee dat 'n spesifieke skool die area waarin hy geleë is, bedien. Dit kan dus aanvaar word dat die leerlinge wat aangetref word in 'n sekere skool, verteenwoordigend is van die Indiërs van alle lae van die bevolking vir daardie area.

Die enigste moontlike uitsondering in Durban, is Sastri Kollege. Hierdie hoërskool, die oudste Indiërskool in Durban, het hoë prestigewaarde <sup>1)</sup>

/en .....

---

1) Departement van Inligting: Indian South Africans.  
pp. 4 - 9

en dit is veral die Indiërs wat 'n hoë sosio-  
 ekonomiese leefwyse voer wat hul seuns na hierdie  
 skool stuur.

### 1. Keuse van Skole.

Volgens statistiek <sup>1)</sup> is meer as 66% van die  
 totale Indiërbevolking van Suid-Afrika binne 'n  
 straal van 50 myl om Durban woonagtig. Hierdie  
 ondersoek is derhalwe beperk tot skole wat in  
 hierdie gebied geleë is.

Die skool wat die verste na die binneland  
 binne hierdie straal geleë is, is die Raisethorpe  
 Staats Indiër Hoërskool wat die grootste Indiër  
 Hoërskool in Pietermaritzburg is. Hierdie skool  
 is in 'n Indiërdorpsgebied geleë en leerlinge  
 wat die skool bywoon, kan dus alle lae van die  
 Indiërbevolking wat deur die skool bedien word,  
 verteenwoordig.

Ten noorde van Durban is die Hoërskool op  
 Tongaat en die Hoërskool op Mount Edgecombe gekies.

/Die .....

---

1) Departement van inligting: Indian South Africans,  
 pp. 2 - 3

Die rede waarom hierdie skole gekies is, is omdat hulle as plattelandse skole beskou kan word. In die streke wat hierdie skole bedien, beoefen die Indiërs bedrywe wat aanverwant is aan die suiker-industrie, terwyl ander plaasboere en--arbeiders is. Van die kinders in hierdie skole se voorouers het inderdaad as immigrante-arbeiders in die suikerplantasies kom werk.

Die skole wat in Durban en sy noordelike en suidelike voorstede in hierdie ondersoek betrek is, is die volgende: Glenover, Lakehaven, Merebank, Sastri Kollege en St. Anthony. Hierdie skole is so gekies dat dit aanvaar kan word dat hulle kinders uit al die lae van die gemeenskap verteenwoordig. Daar is reeds vermeld dat Sastri Kollege 'n prestige skool is. Verder is 'n staatsondersteunde Kerkskool, die St. Anthony-skool, gekies omrede slegs die meer gegoede Indiër sy kinders na hierdie skool kan stuur daar onderwys nie gratis aangebied word nie.

Met die keuse van die skole, is daar gepoog om skole te betrek wat aan die kinders van alle inkomstegroepe onderrig verskaf. In Tabel 3 (p.69)

/word .....

---

'n aanduiding gegee van die skole wat gekies is met die ooreenstemmende aantal leerlinge wat in elke leeftydsgroep getoets is.

## 2. Die leeftydsgroepe.

Soos hierbo aangetoon, is slegs Hoërskole by hierdie ondersoek betrek. Die leerplan in Liggaamlike Opvoeding vir die Hoërskool, word vanaf standerd 6 toegepas. (In enkele gevalle maak die standerd 6-leerlinge nog deel uit van die primêre skool.)

In 'n opname by die skole wat vir die ondersoek gebruik is, is daar gevind dat daar slegs 15 twaalfjarige seuns by al die skole saam was. Na aanleiding hiervan, is daar besluit om die toetse op die laagste drie leeftydsgroepe toe te pas wat in die skole aangetref word en waaruit 'n verteenwoordigende toevalmonster verkry kon word. Die leeftye wat hierdeur betrek is, is 13-, 14- en 15-jariges.

Dit is wenslik dat die leeftydsgroepe gedefinieer word. Met 'n 13-jarige word bedoel 'n leerling wat nie meer 12 jaar oud is nie. 'n Leerling van 12 jaar en 11 maande word beskou as 'n 12-jarige terwyl 'n leerling van 13 jaar

/en .....

en 11 maande beskou word as 'n 13-jarige. Dieselfde geld vir die 14- en 15-jariges.

Deur van hierdie drie leeftydsgroepe gebruik te maak, kan met sekerheid aanvaar word dat die jongste leerlinge in die hoërskool by die ondersoek betrek is. Waar die doel van die ondersoek onder meer is om aanbevelings ten opsigte van 'n verbetering van die leerplan in die Liggaamlike Opvoeding (indien nodig) te maak, is die gegewens van 'n groep leerlinge verkry, wat aan die begin van hul hoërskoolloopbaan staan. Hierdie gegewens kan dan met vrug gebruik word om 'n leerplan vir die hele hoërskoolloopbaan te beplan.

### 3. Keuse van die Proefpersone.

In die voorafgaande en in hoofstuk 2 is daar na die karakteristieke van die Indiërs verwys. Met hierdie gegewens voor oë, kom die ondersoeker voor die probleem te staan, naamlik hoe daar te werk gegaan moet word om 'n verteenwoordigende monster uit Indiërleerlinge saam te stel wat 'n getroue weerspieëling sal gee van die hele bevolkingsgroep.<sup>1)</sup>

/Die .....

---

1) Sax: Empirical foundations of educational research p. 130

Die redes waarom sekere skole by hierdie ondersoek betrek is, is reeds bespreek. Om 'n toevalmonster uit hierdie skole saam te stel, moet daar gepoog word om elke persoon, van die spesifieke leeftydsgroep waartoe hy behoort, 'n gelyke kans te gee om by die ondersoek ingesluit te word.<sup>1)</sup> Volgens Sax <sup>2)</sup> beteken 'n „toevalmonster“ dat geen eienskap van die bevolking of groep opsetlik of onbewus van die monster uitgesluit is nie. Indien dit sou gebeur, sou dit blote toeval wees. Dit moet ook aanvaar word dat een toevalmonster van 'n ander toevalmonster sal verskil, dog dit kan ook aanvaar word dat hoe groter 'n toevalmonster is, hoe geringer sal die verwagte verskille tussen hul R.G. wees van die eienskap waarvoor daar getoets word.<sup>3)</sup>

Die metode wat in hierdie ondersoek gebruik is om 'n toevalmonster saam te stel, is 'n metode wat deur Sax <sup>4)</sup> as „systematic sampling“ gestempel

/word. ....

- 
- 1) Travers: An introduction to education research.  
p. 304  
2) Sax: op. cit. p. 132  
3) Travers: op. cit. p. 304  
4) Sax: op. cit. p. 140

word. Die metode bestaan daaruit dat, weens die samestelling van die groep wat getoets word, dit moontlik is om byvoorbeeld elke vyfde, tiende of honderdste persoon uit die groep te kies, totdat die monster voldoen aan die vereiste aantal. Die voordele verbonde aan hierdie metode is onder meer dat dit 'n besparing van werk meebring en voorts waarborg dit dat 'n breë monster van die hele bevolking saamgestel is wat 'n akkurate monster sal gee. 1)

Hierdie metode is vervolgens op die skole toegepas en daar is soos volg te werk gegaan:

Die monsters is getrek uit die klasgroepe tydens die liggaamsopvoeding-periode. Met die hulp van die onderwyser in Liggaamlike Opvoeding, het die ondersoeker eerstens die klasgroepe in verskillende leeftydsgroepe ingedeel, soos vroeër in hierdie hoofstuk bespreek. Die leerlinge in elke leeftydsgroep is aangesê om in 'n reguit ry te staan en aan elkeen is 'n

/nommer .....

---

1) Sax: Empirical foundations of educational research, p. 140



nommer toegeken. Hierna is alle leerlinge met ewegetal nommers gevra om uit te tree en hulle is onderwerp aan die toetse.

Op hierdie wyse is daar geen keuse aan 'n leerling gelaat om te besluit of hy aan die toets wou deelneem of nie. Die leerlinge was almal aan die ondersoeker onbekend. Dit dien vermeld te word dat daar vooraf aan die leerlinge verduidelik is wat die aard en doel van die ondersoek was en sonder uitsondering was almal gretig om mee te doen aan die ondersoek. Waar klasgroepe relatief klein was, is die hele klas met inagneming van hul leeftye getoets.

Altesame 191 leerlinge is op hierdie wyse gekeur en getoets. In Tabel 3 (p.69) word die verspreiding van leerlinge in die onderskeie leeftyds-groepe aangetoon.

Met die beantwoording van die vraelys, is dieselfde leerlinge betrek. Daar die vraelys egter eers op 'n later stadium aan die skole besorg is, het afwesighede en skoolverlaters

/meegebring .....

VERSPREIDING VAN LEEFTYE VAN PROEFPERSONE  
IN SKOLE.

NAAM VAN SKOOL	13 JR.	14 JR.	15 JR.
GLENOVER	6	9	3
LAKEHAVEN	1	5	3
MEREBANK	10	10	8
MOUNT EDGECOMBE	12	10	9
RAISETHORPE	9	10	10
SASTRI	10	10	10
ST. ANTHONY	1	8	1
TONGAAT	12	11	13
TOTAAL	61	73	57

TABEL 3

meegebring dat uiteindelik net 152 leerlinge die  
vraelys beantwoord het.

-----oOo-----